

Godsman vertrek om sy seun te offer

Van ons Ou Testament redaksie

BERSEBA. - Die bekende en eerbiedwaardige handelaar Abraham seun van Tera het eergister te midde van groot spanning hiervandaan vertrek na 'n onbekende bestemming. Hy het net sy seun Isak en 'n paar slawe saamgevat. Volgens ingeligte bronne na aan die gesin, het hy 'n opdrag van God ontvang om die seun te gaan offer op 'n plek wat God hom sal wys.

Lesers sal onthou dat ons 'n tyd gelede berig het oor die opspraakwekkende geboorte van dié einste seun. Wat ons destyds nie vermeld het nie, is dat Isak gebore is nadat God herhaaldelik belowe het dat Hy aan Abraham en Sara 'n nageslag gaan gee. Die egpaar het uiteindelik 25 jaar lank op hierdie beloofde kind gewag. Dit is dus te begrype dat hierdie opdrag om die seun te gaan offer, as 'n groot skok gekom het.

Sara, Abraham se vrou, was nie vir kommentaar beskikbaar nie. Sy is glo ongesteld en het haar in haar tent teruggetrek en laat niemand naby haar toe nie.

- Lees hiervan in [Gen. 22:1-19](#).

DAWID VLUIG LANDUIT

GAT. - Dawid, die briljante jong krygshoof van die Israeliete, het 'n groot opskudding veroorsaak toe hy gister as vlugteling in hierdie Filistynse stad aangekom het. Dit volg nadat daar 'n ernstige vertrouensbreuk tussen Dawid en sy skoonpa, koning Saul, ontstaan het.

Politieke kenners is dit eens dat die kans op versoening tussen die koning en sy skoonseun gering is. Hulle wys daarop dat koning Saul dit nie kan bekostig om Dawid te vrye teuels te gee nie. Hy is 'n dinamiese krygshoof wat deur baie gesien word as die enigste een wat Israel van die Filistynse bedreiging kan red nadat die koning nie daarin kon slaag om hulle te onderwerp nie. Dit was immers hy wat

destyds die Filistynse reus Goliat feitlik kaalhand verslaan het. Daar word al klaar gefluister dat hy die volgende koning van Israel moet word. Hardnekkige gerugte doen ook die ronde dat die siener Samuel hom reeds as die nuwe koning gesalf het. Dawid wou dit egter nie bevestig óf ontken nie.

Dit is 'n vraag of Dawid veilig sal wees in Gat. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat koning Akis hom as 'n politieke speelbal kan gebruik om die Israëliete se moraal te breek nie. Dit lyk in elk geval of Dawid vir die afsienbare toekoms baie fyn sal moet trap as hy sy lewe liefhet.

- Lees van hierdie intriges in [1 Sam. 21:10-15](#).

Om oor na te dink

Laat ons maar vir mekaar sê: ons verstaan nie God se weë nie. Hoe kan jy dit verstaan dat Hy van 'n pa kan verwag om sy kind, 'n kind vir wie hy jare gewag het, te gaan offer? En dan moet hy boonop drie dae lank reis voordat hy by die plek kom waar hy die offer moet bring! Is dít die dankie wat die vrome Abraham kry na al sy opofferings? Is dít hoe 'n God van liefde lyk?

Vir Dawid was dit ewe onverstaanbaar dat hy, wat gesalf is tot koning van Israel, as banneling vir etlike jare by die gehate Filistyne moes gaan skuil. Speel God dan nou kat en muis met hom?

Jy sit moontlik ook met vrae in jou hart oor dinge wat God toegelaat het in jou lewe, dinge wat jy moeilik kan rym met 'n beeld van 'n liefdevolle Vader wat alles vir ons feil het.

Uit Abraham en Dawid – en ook ander gelowiges uit die ou tyd – se lewe leer ons egter 'n baie groot les: Hulle het aangegaan om agter God aan te loop ten spyte van die onverstaanbare dinge wat oor hulle pad gekom het. Daarom sien ons vir Abraham met sy seun op pad na die berg Moria. Daarom weier Dawid volstrek om 'n hand teen Saul te lig, al kon hy by verskeie geleenthede maklik sy lewe neem.

Dit is ware geloof: om aan God vas te hou en Hom te bly gehoorsaam, al verstaan jy nie sy pad met jou nie. Om aan te hou omdat jy weet: al verstaan ék nie wat aangaan nie, Gód weet wel wat Hy doen. Geloof is om Hom te vertrou, met jou lewe te vertrou. Om te glo, soos Abraham, dat God wel op sy eie wyse sal voorsien ([Gen. 22:8](#)), al kan jy nie lig en uitkoms sien nie.

Om die pad agter God aan te loop, is soms bitter moeilik. Maar vir die gelowige is dit die enigste pad. Kom ons loop daarop met oorgawe!

MIDIANIETE VERDRYF!

Van ons Ou Testament redaksie

OFRA. - 'n Jong man van Ofra, Gideon seun van Joas die Abiësriet, het oornag 'n volksheld geword toe hy met slegs 300 man die magtige leër van die Midianiete verpletter het in die vlakte by Waarsêershoogte.

In 'n goed beplande verrassingsaanval op die Midianitiese leër het 'n ongelooflike 120 000 Midianiete gesneuwel. Gideon het ook die Midianitiese konings Sebag en Salmunna na 'n agtervolging van etlike ure gevang en tereggestel.

Dié oorwinning bring 'n einde aan sewe jaar van ellende vir die Israeliete. In herhaalde strooptogte die afgelope sewe jaar het die Midianitiese kameelruiters die land letterlik kaalgestroop, sodat die inwoners erg verarm het.

Gideon, wat ook Jerubbaäl genoem word na aanleiding van sy veldtog teen die Baäldiens, het verlede week die volk opgeroep om saam met hom die Midianiete die stryd aan te sê. Altesaam 32 000 manskappe het hulle aangemeld. Gideon het egter verkies om met slegs 'n klein, beweeglike groep van 300 uitgesoekte vegters die vyand aan te durf. Die ander het hy huis toe gestuur. Met sy klein aanvalsmag het hy in die nag die laer van die vyand omsingel, en op 'n teken van hom het hulle almal gelyk op hulle ramshorings geblaas, fakkels rondgeswaai, kruike stukkend geslaan en geskreeu: "Die swaard van die Here en Gideon!" Paniek het onder die slapende Midianiete uitgebreek, en hulle het met mekaar

begin veg.

In 'n eksklusiewe onderhoud met *Die Bybelkoerant* wou die dapper held niks van die eer vir homself hê nie. "Ek het bloot in opdrag van die Here opgetree. Dit was van begin tot end die Here se oorwinning. Ek sou dit nooit op eie inisiatief gedoen het nie, maar nadat die Here my herhaaldelik met tekens verseker het dat Hy by my is, het ek gegaan," het hy gesê.

- Lees die ongelooflike verhaal in [Rig. 6, 7](#) en [8](#).

Hebreërs vier verbondsfees

HEBRON. - 'n Groot verbondsfees is die afgelope week hier by die groot bome van Mamre gehou om die verbond wat God met Abram gesluit het, te vier.

Die verbond beteken dat God Hom daartoe verbind om hulle God te wees en vir hulle te sorg, het Abram gesê. "Hy het ook belowe dat ek 'n groot nageslag sal hê. Daarom het Hy my naam verander na Abraham. Sarai se naam is ook verander na Sara, en God het aan my gesê sy gaan binnekort 'n seun hê," het hy trots bygevoeg.

'n Voorwaarde van die verbondsooreenkoms is dat al die manlike lede van sy huishouding besny moet word om hulle daaraan te herinner dat hulle op 'n besondere manier aan God behoort.

Dit is duidelik dat Abraham oortuig is dat hy en Sara binnekort 'n seun ryker gaan word. Of dit so sal wees, sal net die tyd leer. Hy is immers al 99 jaar oud, en sy 89!

- Lees hiervan in [Gen. 17](#).

Reënboog word teken

ARARAT. - 'n Reënboog is nie meer bloot 'n reënboog nie. Voortaan is dit die teken dat die wêreld nooit weer in 'n watervloed sal vergaan nie.

Só het Noag gister gesê na afloop van die dankseggingsdiens wat hy gehou het om die redding uit die vloed te vier. God het aan hom verskyn en 'n verbond met hom aangegaan waarin Hy belowe het om nooit weer die aarde deur vloedwaters te vernietig nie. “Die reënboog is die teken wat ons - en God - aan hierdie belofte sal herinner,” het hy gesê.

- Lees hiervan in [Gen. 9:1-18](#).

3 000 gedoop!

Van ons Nuwe Testament redaksie

JERUSALEM. - Simon bar Jona, ook bekend as Petrus, en tien ander het vanoggend hier 'n nuwe sekte gestig. Hulle noem hulleself die “Volgelingen van Jesus”. Omtrent drie duisend mense het hulle by die groep aangesluit nadat hulle gedoop is.

- Lees meer hieroor in [Hand. 2](#), veral verse [37-42](#).

Om verder oor na te dink

Ons verhouding tot God is 'n geloofsverhouding, 'n saak van die geloof, nie van aanskoue nie. Dit sê ook die Hebreërskrywer in sy hoofstuk oor die geloof (11:1): “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.”

Dit maak geloof so moeilik. Maar gelukkig verstaan God ons behoefte om iets tasbaars te hê om aan vas te hou. Daarom hang ons geloof nie in die lug nie, want God gee vir ons sigbare dinge om ons te verseker dat ons nie besig is om ydele drome na te jaag nie. Die Bybel is vol daarvan - die reënboog as teken aan Noag, die besnydenis as teken van die verbond met Abraham en sy nageslag, die doop as verbondsteken vir die kerk van die Here Jesus - en toe God Gideon roep, gee Hy hom verskeie tekens om hom te verseker dat hy nie droom nie.

Twyfel jy soms? Hou dan vas aan jou doop. God verseker jou daarmee: Hy het jou régtig lief!

Seun red Israel se eer

Van ons Ou Testament redaksie

SOKO (JUDA). – 'n Jong man met die naam Dawid, seun van Isai, het vandag hier die eer van die ganse volk gered toe hy die Filistynse baasvegter, Goliat, in 'n tweegeveg verslaan het. Toe die Filistyne sien hulle held is dood, het hulle op die vlug geslaan. Talle is in die agtervolging gedood in een van die grootste oorwinnings nog vir Saul.

Dié dramatiese gebeure bring 'n einde aan 'n vernederende hoofstuk in Israel se krygsgeskiedenis. Goliat het naamlik sewe weke lank elke dag die Israelitiese leër getart en verkleiner. Hy wou 'n tweegeveg afdwing om só die uitslag van die oorlog te bepaal. Niemand het egter kans gesien om teen dié reus van drie meter te veg nie. Dawid, wat 'n skaapwagter van beroep is, het daarvan te hore gekom toe hy voorrade vir sy drie oudste broers weggebring het. Hy het onmiddellik die uitdaging aanvaar.

Koning Saul het sy eie gevegsuitrusting vir Dawid laat aantrek, maar Dawid het dit van die hand gewys omdat dit hom ongemaklik laat voel het. Gewapen met slegs 'n slingervel en 'n herderstaf het hy Goliat tegemoetgegaan. Met die eerste gooi het hy die reus tussen die oë getref, sodat hy op die grond neergeslaan het. Dawid het daarna die reus met sy eie swaard onthoof.

Dié beskeie jong man wou nie eintlik oor sy oorwinning praat nie. Sy enigste kommentaar was: “Dit was vandag 'n oorwinning vir die Here. Hy laat nie met Hom spot nie. Dit was in sy Naam dat ek die reus aangedurf het.”

- Lees die verhaal in [1 Sam. 17](#).

Abram verslaan invalsmag

DAMASKUS. - Abram het gister by Dan in 'n verrassingsaanval die gesamentlike magte van “Die Groot Vier” van Mesopotamië, konings Amrafel van Sinar, Arjok van Ellasar, Kedorlaomer van Elam en Tidal van Gojim, verslaan. Wat die oorwinning so merkwaardig maak, is dat hy dié gedugte bondgenootskap met slegs 318 man aangedurf het.

Dié veldslag maak 'n einde aan Kedorlaomer se houvas van twaalf jaar op die Koningsweg-handelsroete. Sy jongste veldtog in Kanaän was juis 'n strafekspedisie om sy gesag oor die roete te herbevestig nadat 'n aantal kleiner konings in die Siddimvlakte teen sy gesag gerebelleer het. Hy het gou met hulle klaargespeel en baie mense en besittings buitgemaak.

Met Abram se skitterende oorwinning het hy al die mense en ander buit teruggekry, onder andere ook sy nefie Lot.

- Lees hiervan in [Gen. 14](#).

Twee loop op see; een verdrink byna

Van ons Nuwe Testament redaksie

GENNESARET. - 'n Klein groepie geharde vissers het laasnag 'n ongelooflike ervaring gehad toe hulle rabbi, Jesus van Nasaret, tydens 'n storm op die see na hulle skuit geloop het.

Om homself te oortuig dat hy nie 'n spook sien nie, het een van die vissers, Simon bar Jona, uit die skuit geklim en ook op die water na sy rabbi geloop. Halfpad het sy moed hom egter begeef, en hy sou sekerlik verdrink het as dit nie vir die flinke optrede van die rabbi was nie.

Na bewering het die storm bedaar die oomblik toe Jesus in die skuit geklim het.

- Lees dit in [Matt. 14:22-33](#).

Om oor na te dink

Wanneer jy op God vertrou, raak die onmoontlike moontlik. Daarom kon Petrus op die water loop. Daarom kon Abram 'n oorweldigende oormag aandurf met net 318 man, en oorwin. Daarom kon Dawid die reus Goliat tegemoetstep sonder 'n helm, borsharnas en swaard. Want Dawid was bewapen soos Goliat nooit kon wees nie: “Jy kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel” (1 Sam. 17:45). Later sing hy in 'n lied: “Met u hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie” (Ps. 18:30).

Dis wanneer ons ophou om op God te vertrou, wanneer die realiteite van die wêreld om ons vir ons meer begin tel as die realiteit van God se beskikking, dis dán dat ons geloofslewe kragteloos raak, dat ons begin sink. Daarom roep die Hebreërskrywer sy lesers op: “Hou Hom voor oë ... Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.” (Heb. 12:3)

Die God van Abram en Dawid en Petrus is ook óns God. Ook op hierdie dag. Ook vir jou hoef daar geen stadsmure te hoog te wees nie!

1 Pet.5:6 Veilig in Gods kragtige hand

<https://www.youtube.com/watch?v=KRiaXzqQ8V4>

[1 Pet.5:5-11](#)

Ons teksvers sê dat ons ons aan die kragtige hand van God moet onderwerp - en as ons na die Ou Testament kyk, sien ons dat daar baie dinge oor God se hand gesê word. Dit was bv. God se hand wat sy volk Israel uit Egipte gelei het en waarmee Hy die bannelinge uit Babel teruggebring het. Jes 59:1 sê: "Die arm van die Here is nie te kort om te help nie ..." Daarom, so het ons netnou bely, het die Here Jesus met sy hemelvaart sy plek ingeneem aan die regterhand van God. God se hand is die simbool van God se mag, van God aan die werk.

Maar soms wonder 'n mens waar ons God se kragtige hand dan kan sien. Dink maar aan die nuus van ons tyd, van die misdaad en korrupsie en moorde en ekonomie, en so kan 'n mens aangaan. Mis ons nie juis hierdie kragtige hand in ons wêreld nie? Ons wil so graag hierdie sterk hand van God sien, sien dat Hy aan die werk is, in beheer is.

Waar is die kragtige hand van God dan? Hoekom mis ons dit?

Ek dink ons teksvers wil vanoggend vir ons kom sê: Ons mis dit in ons lewe en wêreld, omdat ons nie 'n oog daarvoor het nie. Ons teksgedeelte wil vir ons 3 sake onderstreep. Om God se kragtige hand te beleef, vra:

1. onderwerping aan God
2. nederigheid
3. vertrouwe op God

1. Vra onderwerping aan God

As ons bewus wil wees van God se kragtige hand, dan beteken dit dat ons nie net mag lewe met die begeerte dat God se kragtige hand daar sal wees om ons te beskerm nie, maar dat ons voor alles bereid moet wees dat God se hand ons ook moet lei. Dit vra werklik van ons dat ons ons sal onderwerp aan die kragtige hand van God. Dit vra van ons dat ons God se leiding moet begeer, selfs al is sy leiding anders as wat ons dit wil, selfs al loop dit langs vreemde paaie, deur donker dieptes, soos Dawid in Ps.23 sê. Om jou aan God se kragtige hand te onderwerp,

beteken om tevrede te wees met sy leiding, in die wete dat Hy die beste weet.

En wanneer 'n mens geleer het om jou aan die kragtige hand van God te onderwerp, en dit daaglik doelbewus doen, dan raak jy ook sensitief vir God se leiding, dan begin jy ook al hoe meer God se hand raaksien, in jou eie lewe, maar ook in die wêreld rondom jou.

Dit beteken natuurlik dat 'n mens wat hom aan die kragtige hand van God onderwerp, nie vol van homself moet wees nie, maar besef dat hy hom voor die hoë God moet buig. En dit bring ons by die 2de vereiste wat ons Skrifgedeelte van ons vra:

2. Vra nederigheid

Vers 6 sê: Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God... 'n Mens wat bewus is van sy eie tekortkominge, sy eie nietigheid voor God, is 'n mens wat nederig voor God is, wat toelaat dat God sy lewe beheer. Maar dit is ook 'n mens wat geleer het dat hy nie só belangrik in hierdie wêreld is dat alles om hom draai en dat almal net moet maak soos hy dit wil hê nie. Dit is 'n mens wat nie net voor God nederig is nie, maar ook teenoor andere: Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade" (vs.5).

Om nederig te wees, beteken nie dat jy 'n swakkeling is wat maar net toelaat dat almal op jou trap nie. Nee, dit beteken eerder dat jy geleer het om nie só op jouself ingestel te wees dat daar nie plek vir ander mense in jou lewe is nie. 'n Mens wat weet dat hy onder die kragtige hand van God lewe, dat hy deur God gelei en versorg word, is 'n mens wat nederig kan wees, bereid om ander te dien.

Die uitdrukking wat hier in vs.5 gebruik word, stel dit eintlik baie sterker as wat dit in ons vertaling lyk. Hier staan letterlik dat ons nederigheid moet aantrek, "beklee julle met nederigheid" (BDV), dat dit as 't ware ons uniform moet wees, ons uitkenningsteken. Nederigheid, sê die Bybel, is die kenmerk van 'n gelowige.

Dit behoort ook die kenmerk van jou en my te wees.

3. Vra vertrou op God

Daar is net een manier waarop 'n mens in nederigheid jouself aan God kan onderwerp en in nederigheid teenoor jou medemens kan lewe, en dit is as jy volkome op God vertrou. Of miskien moet 'n mens dit nog sterker uitdruk: as jy God self volkome vertrou. As jy jou geheel en al op Hom verlaat, geheel en al oorgee aan Hom, sodat Hy vir jou kan sorg, kan lei op die lewenspad. Wanneer 'n mens jouself so volledig aan God se kragtige hand onderwerp, kom jy vry van die bekommernisse en vrese vir die toekoms. Die sorg van die lewe en van die onbekende toekoms val van jou af, nie omdat jy jou nie daaraan steur nie, nie omdat jy ewe onverantwoordelik voortgaan nie, maar omdat jy weet dat Iemand anders na jou sorg omsien, omdat jy jou bekommernisse en sorg, jou vrese en probleme, na God geneem het. Hy dra die dinge wat vir ons ondraaglik is. Hy sorg vir die dinge waarvoor ons nie kan sorg nie.

Om jou aan die kragtige hand van God te onderwerp en om daarmee saam ook jou sorg op Hom te werp, is natuurlik nie 'n menslike ding om te doen nie. Menslik is om in beheer te wil wees. En dit is dan wat 'n mens platgedruk word deur die bekommernisse van die lewe, sorg waaraan jy gewoonlik self regtig nie veel kan doen nie. Dit is dan dat die toekoms van ons land 'n groot swart berg word, dit is dan dat jy nagte wakker lê oor die vakansiereis wat jou kinders onderneem, en jy elke oomblik verwag dat hulle 'n ongeluk sal maak. Dit is dan dat die kommer oor wat van jou werk gaan word, alle vreugde uit jou lewe wegneem.

Daarom is hierdie teks nie geskryf vir ongelowiges nie. Die Bybel praat hier met mense wat glo. Mense wat God vertrou. Mense wat in nederigheid voor God lewe, mense wat hulle onderwerp aan sy leiding. Súlke mense ontdek telkens weer dat God se kragtige hand daar is om te sorg. Sulke mense leer om sy hand raak te sien, al skreeu alles om jou 'n ander storie.

Sulke mense ontdek ook dat God se hand nie net kragtig is nie, maar ook liefdevol. Dat God se hande vertroos en versorg. Dit sien ons ook in ons

Skrifgedeelte: vs.5: ... aan die nederiges gee Hy genade... Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.

Amen.

Gebed by Psalm 63

Na U kom ons, glansryke Here;
U, die eindpunt van al ons verlange,
U, ver verby alle aardse prag -
sagte beskermer, sterke verlosser,
in die nag is U ons vertrouwe;
wees dan van dagbreek af ons vreugde;
deur Jesus Christus ons Here.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England